[1] N.G. Kerk Meyerspark – Weeklikse Individuele Bybelstudie uit die Psalms – Psalm 9

A. Inleiding

Omdat daar nie op die oomblik groepsbyeenkomste gehou mag word nie, word die reeks Bybelstudies oor die Psalms wat op Woensdae gehou is, op hierdie manier voortgesit. Dit kan as ’n persoonlike Bybelstudie gebruik word, of in gesinsverband. Ek kopieer die teks van die 1953-vertaling. Jy kan telkens terugblaai daarnatoe as jy by die vrae kom, of jou eie Bybel gebruik. Enige vertaling is aanvaarbaar, maar jy sal sommige antwoorde makliker in die Ou Vertaling opspoor. Daar is vyf besprekingsvrae, en riglynantwoorde word aan die einde gegee. Maar, probeer die vrae eers op jou eie voordat jy die antwoorde lees. Geniet dit!

Psalm 9 is saam met Psalm 10 oorspronklik as een alfabetiese psalm geskryf. Ons behandel die twee afsonderlik om dit nie te lank te maak nie. Hoe weet ons hulle was eers een psalm? In die antieke vertalings (die Griekse en Latynse vertalings, byvoorbeeld) is hulle steeds een psalm. Die hele psalm is ’n akrostigon (alfabetiese gedig). Elke tweede reël begin met die volgende letter van die alfabet (van vers 2 af). Dit loop deur tot aan die einde van Psalm 10, hoewel die alfabet aan die begin van Psalm 10 bietjie deurmekaar geraak het. Die twee psalms gebruik dieselfde woordeskat en styl. Psalm 10 het ook nie ’n eie opskrif nie, dus is 9 en 10 in twee verdeel eers ná die opskrifte ingevoeg is. Die tema van die twee psalms saam is ’n beskrywing van die Here as Allerhoogste God (9:3) wat as Koning (10:16) uit Jerusalem regeer (9:12, 15). Hy is die Regter (9:5, 8-9), die Skepper, die God wat die geskiedenis bestuur.

1. VIR die musiekleier; op die wysie van: “Sterf vir die Seun.” ’n Psalm van Dawid.

2. Ek wil die HERE loof met my hele hart;
   ek wil al u wonders vertel.
3. In U wil ek bly wees en juig;
   ek wil psalmsing tot eer van u Naam, o Allerhoogste,
4. omdat my vyande agteruitwyk,
   struikel en omkom van voor u aangesig.
5. Want U het my reg en my regsaak behandel;
   U het gaan sit op die troon, o regverdige regter!
6. U het die heidene gedreig, die goddelose laat omkom,
   hulle naam uitgedelg vir ewig en altyd.
7. Die vyande het omgekom — puinhope vir ewig;
   ook die stede wat U verwoes het; hulle gedagtenis, ja, dié het vergaan.

8. Maar die HERE sit vir ewig;
   Hy het sy troon reggesit vir die oordeel.
9. En Hy self sal die wêreld oordeel in geregtigheid
   en die volke vonnis met reg.
10. So is die HERE dan ’n rotsvesting vir die ***verdrukte***,

’n rotsvesting in tye van benoudheid.
11. En hulle wat u Naam ken, sal op U vertrou,
omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o HERE!
12. Psalmsing tot eer van die HERE wat op Sion woon;
verkondig onder die volke sy dade.
13. Want Hy wat die bloed soek, dink aan hulle;
Hy vergeet die geroep van die ***ellendiges*** nie.

14. Wees my genadig, HERE, aanskou my ***ellende*** vanweë my haters,
U wat my verhef uit die poorte van die dood;
15. sodat ek al u roemryke dade kan vertel,
in die poorte van die dogter van Sion kan juig oor u heil.
16. Die heidene het gesink in die kuil wat hulle gemaak het;
hulle voet is gevang in die net wat hulle gespan het.
17. Die HERE het Hom bekend gemaak;
Hy het strafgerig geoefen; die goddelose is verstrik in die werk van sy hande.
Higgajon. Sela.
18. Die goddelose sal teruggaan na die doderyk, al die heidene wat God vergeet.
19. Want die ***behoeftige*** sal nie vir altyd vergeet word,
die verwagting van die ***ellendiges*** nie vir ewig verlore gaan nie.
20. Staan op, HERE, laat die mens nie sterk word nie;
laat die heidene voor u aangesig geoordeel word!
21. O HERE, jaag hulle skrik aan;
laat die heidene weet, hulle is mense! Sela.

B. Besprekingsvrae

1. Die psalmskrywer en sy geloofsgenote beleef ’n moeilike tyd. Maak ’n lysie van die woorde waarmee hulle omstandighede en swaarkry, maar ook hulle toewyding, beskryf word. Kyk na verse 10, 11, 13, 14 en 19.

2. Hoe het die Here in die verlede die Israeliete en die digter self gehelp en hoe verwag hulle sal Hy hulle weer help? Kyk na verse 4-7, 8-11, 13, 16-17, 19.

3. Die psalm is geskryf as ’n lofprysing vir die Here se hulp, maar terselfdertyd as ’n smeekgebed dat die Here sal ingryp. Watter verse loof of dank die Here, en watter verse vorm gebede om hulp?

4. Die digter beskryf hoe die Here vantevore sy toestand van nood in ’n toestand van lof verander het. Watter rol speel die woord “poorte” in dié pragtige teenstelling? Kyk na verse 14 en 15.

5. Watter nood ervaar jy of julle gesin as gelowiges in hierdie dae? Hoe help die psalmdigter se belewenis en vertroue in die Here jou (of julle) om hierdie krisis te bowe te kom? Indien jy nie ’n krisis beleef nie, hoe help die psalm jou

om dank aan die Here te bring? Watter dinge noem die psalm waarvoor ons die Here kan loof?

C. Riglynantwoorde

1. Swaarkry: Verdrukte, tye van benoudheid, bloed, ellendiges, ellende, haters, poorte van die dood, behoeftige, ellendiges. **Toewyding**: Hulle wat u Naam ken, vertrou, die wat U soek. Dit blyk dat die gelowiges as groep uitgebuit is deur mense met mag, dat hulle onregverdig vervolg is (veral in Psalm 10), en onskuldig aangekla is. Uit hierdie beskrywings en die ooreenkomste met ander soortgelyke psalms (soos Psalm 1, 25, 34, 37, 69, 72, 109) lei geleerdes af dat die omstandighede die beste ooreenstem met dié van gelowiges in Juda in die Hellenistiese tyd (323-164 v.C.).

Die “heidene” verwys na buitelanders wat hulle oorheers, maar die “goddeloses” is volksgenote, Jode, wat hulle magsposisie misbruik om hulle eie mense uit te buit. Hierdie twee groepe wat hulle verdruk, word as gemeenskaplike vyand geteken (kyk na vers 6 en 18).

Een van die belangrike kenmerke van ’n gelowige is dat dit iemand is wat op die Here vertrou. Dit is een van die redes waarom die redakteurs van die Psalms Ps 9-10 ’n “psalm van Dawid” genoem het – een van Dawid se mees uitstaande karaktertrekke (volgens 1 en 2 Samuel) was dat hy nie op eie krag staatgemaak het nie, maar op die Here. Dit was so toe hy teen Goliat opgestaan het, toe hy deur Saul onregverdig vervolg is, toe hy vir Absalom moes vlug.

2. Verlede: Vyande tree terug en struikel; sy regsaak behandel; die goddelose laat omkom, hulle naam uitgedelg. **Toekoms**: Die Here sal weer oordeel; die Here bied beskerming, Hy verlaat nie sy volgelinge nie; Hy wreek mense wat onskuldig doodgemaak word, Hy vergeet nie die mense wat verdruk word, en na Hom roep nie. Die goddelose en heidene word deur hulle eie optrede gevang en land uiteindelik in die doderyk.

Een van die psalmdigter se grootste kwellings is dat die mense wat hom en sy groep verdruk, arrogant is en vergeet dat hulle mense is. Die digter se behoefte is dus dat die Here sal ingryp sodat die heidene en goddeloses weer sal besef Hy is in beheer; Hy eis rekenskap van elkeen wat ander onregverdig behandel.

3. Lof en dank: Verse 2-7 en 8-13. **Gebed om hulp**: 14-21. In die gebedsgedeelte is daar steeds ook verwysings na die Here se hulp in die verlede en beloftes van lof vir die toekoms.

4. Die Here verhef die digter uit die poorte van die dood en verplaas hom na die poorte van die “dogter van Sion.” Laasgenoemde beskrywing is ’n naam wat aan die inwoners van Jerusalem en die stad self gegee is in die tyd ná die Ballingskap.